

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal

STUDY

You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



SA EXAM
PAPERS



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

GEOGRAFIE V2

2022

PUNTE: 150

TYD: 3 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

AFDELING A
VRAAG 1: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS (60 PUNTE)
VRAAG 2: EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA (60 PUNTE)

AFDELING B
VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE (30 PUNTE)
2. Beantwoord AL DRIE vrae.
3. ALLE diagramme is by die VRAESTEL ingesluit.
4. Laat 'n reël oop tussen die onderafdelings van vrae wat jy beantwoord.
5. Begin ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. MOENIE in die kantlyne van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.
8. Teken volledig benoemde diagramme wanneer dit vereis word.
9. Antwoord in VOLSINNE, behalwe waar jy moet noem, identifiseer of 'n lys moet maak.
10. Maateenhede MOET in jou finale antwoord aangedui word, bv. 1 020 hPa, 14 °C en 45 m.
11. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
12. Jy mag 'n vergrootglas gebruik.
13. Skryf netjies en leesbaar.

SPESIFIEKE INSTRUKSIES EN INLIGTING VIR AFDELING B

14. 'n 1 : 50 000 topografiese kaart 2628AC van ALBERTON en 'n 1 : 10 000 ortofotokaart 2628AC 3 van ALBERTON word voorsien.
15. Die gebied wat met ROOI/SWART op die topografiese kaart afgebaken is, stel die gebied voor wat deur die ortofotokaart gedek word.
16. Toon ALLE berekeninge waar van toepassing. Punte sal hiervoor toegeken word.
17. Jy moet die topografiese kaart en die ortofotokaart aan die einde van die eksamensessie by die toesighouer inlewer.



AFDELING A: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS EN DIE EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA

VRAAG 1: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.9 D.

1.1.1 Die werklike grond wat deur 'n plaas beslaan word, staan as ... bekend.

- A ligging
- B plek
- C standplaas
- D ruimte


1.1.2 Die keuse van 'n standplaas vir die vestiging van 'n plaas word deur ... beïnvloed.

- A bevolkingsgrootte
- B topografie
- C finansies
- D markte

1.1.3 Die ligging van 'n plaas word deur ... beïnvloed.

- A grondvrugbaarheid
- B waterbronne
- C afstand na markte
- D hoe steil die landskap is,

Verwys na die patrone van landelike nedersettings (X en Y) om VRAAG 1.1.4 tot 1.1.6 te beantwoord.



[Bron: Eksaminator se eie skets]

1.1.4 Die sosiale voordeel van nedersetting X is ...

- A veiligheid en sekuriteit.
- B die gebruik van tegnologie.
- C dat 'n plaaslike mark beskikbaar is.
- D die maak van meer wins.




1.1.5 Nedersettingspatroon **Y** word as 'n verspreide nedersetting geklassifiseer as gevolg van die ...

- A plaaspersele wat ver van mekaar af is.
- B afstand weg van die mark af.
- C plaasopstalle wat ver van mekaar af is.
- D beskikbaarheid van plat grond.

1.1.6 'n Ekonomiese voordeel van nedersetting **Y** is ...

- A meer privaatheid.
- B die potensiaal vir groot winste.
- C die hoë koste om toerusting te koop.
- D onafhanklikheid.

Verwys na die skets van die nedersetting om VRAAG 1.1.7 en 1.1.8 te beantwoord.



[Bron: Eksaminator se eie skets]

1.1.7 Die vorm van die nedersetting is ...

- A lineêr.
- B verspreid.
- C kruispad.
- D rond.

1.1.8 Die hoofrede vir die ontwikkeling van die nedersetting is ...

- A toegang tot 'n pad.
- B 'n poort in die berg.
- C toegang tot water.
- D verdediging teen vyande.

(8 x 1) (8)




- 1.2 Kies die woord/term uit KOLOM B wat die stelling in KOLOM A voltooi. Skryf slegs **Y** of **Z** langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.8 **Z**.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Die proses waar mense van stedelike gebiede na landelike gebiede trek, staan as ... bekend.	Y	verstedeliking
		Z	teenverstedeliking
1.2.2	Die pas (spoed) waarteen verstedeliking plaasvind, staan as ... bekend.	Y	koers van verstedeliking
		Z	vlak van verstedeliking
1.2.3	Die vormlose uitbreiding van stedelike gebiede word ... genoem.	Y	onplanmatige verspreiding
		Z	natuurlike groei
1.2.4	Die proses waar die persentasie van die bevolking wat in stedelike gebiede woon, toeneem, staan as ... bekend.	Y	landelik-stedelike migrasie
		Z	verstedeliking
1.2.5	Die toename in die aantal mense in stedelike gebiede staan as ... bekend.	Y	stedelike uitbreiding
		Z	stedelike groei
1.2.6	'n Stedelike nedersetting met een dominante funksie word 'n ... dorp genoem.	Y	gespesialiseerde
		Z	aansluitings-
1.2.7	'n Dorp wat goedere aan die omliggende landelike bevolking verskaf, staan as 'n ... dorp bekend.	Y	sentraleplek-
		Z	poort-

(7 x 1) (7)




1.3 Verwys na die infografika wat op landelike ontvolking gebaseer is.



- 1.3.1 Definieer die konsep *landelike ontvolking*. (1 x 2) (2)
- 1.3.2 Gee 'n bewys uit die skets dat landelike ontvolking plaasgevind het. (1 x 1) (1)
- 1.3.3 Verwys na die tabel en gee 'n bewys dat landelike ontvolking tussen 2017 en 2020 plaasgevind het. (1 x 2) (2)
- 1.3.4 Wat is die sosiale belangrikheid daarvan om landelike ontvolking te ontmoedig (te beperk)? (1 x 2) (2)
- 1.3.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, stel VIER volhoubare strategieë voor wat meer werksgeleenthede in landelike gebiede kan skep. (4 x 2) (8)



1.4 Verwys na die foto's wat geboue in twee grondgebruiksones toon.



[Bron: <https://www.dreamstime.com/illustration/factory-sketch.html>
<https://www.google.com/imgres?imgurl=https%3A%2F%2Fimage.shutterstock.com%2F>]

Verwys na foto **A**.


- 1.4.1 Klassifiseer die residensiële gebied wat in die foto getoon word as óf hoë inkomste óf lae inkomste. (1 x 1) (1)
- 1.4.2 Gee 'n bewys uit die foto om jou antwoord op VRAAG 1.4.1 te ondersteun. (1 x 2) (2)

Verwys na foto **A** en **B**.

- 1.4.3 Waarom is die tipe residensiële gebied (antwoord op VRAAG 1.4.1) dikwels naby 'n nywerheidsgebied geleë? (2 x 2) (4)
- 1.4.4 Gee TWEE sosiale ongeregtighede wat weens die nywerheidsaktiwiteit by **B** deur mense in hierdie residensiële gebied ervaar word. (2 x 2) (4)
- 1.4.5 Verduidelik TWEE maatreëls wat deur die nywerhede by **B** geïmplementeer kan word om die impak van die sosiale ongeregtighede te verminder. (2 x 2) (4)



1.5 Verwys na die foto's wat 'n stedelike nedersettingskwessie toon.



[Aangepas uit <https://www.google.com/traffic-index-global-traffic-congestion>]

- 1.5.1 Wat is die tendens wat in die foto's oor die aantal voertuie tussen 1960 en 2021 getoon word? (1 x 1) (1)
 - 1.5.2 Gee TWEE moontlike redes vir hierdie tendens (antwoord op VRAAG 1.5.1). (2 x 2) (4)
 - 1.5.3 Hoe beïnvloed verkeersopeenhopings die daaglikse reisiger? (2 x 2) (4)
 - 1.5.4 Stel DRIE strategieë voor wat geïmplementeer kan word om verkeersopeenhopings in stedelike gebiede te verminder. (3 x 2) (6)
- [60]**



VRAAG 2: EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA

2.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 2.1.9 D.

2.1.1 ... is voorbeelde van aktiwiteite in die primêre sektor.

- A Polisiëring, onderrig en messelwerk
- B Kleinhandelswinkels, bankwese en onderwys
- C Handel, vervoer en skeepsbou
- D Vissery, bosbou en mynbou

2.1.2 Konstruksie is 'n voorbeeld van die ... ekonomiese sektor.

- A primêre
- B sekondêre
- C tersiêre
- D kwaternêre

2.1.3 Die tersiêre sektor verwys na ...

- A die ontginning van grondstowwe uit die natuurlike omgewing.
- B die verwerking van grondstowwe na verwerkte produkte.
- C die uitruil van goedere en dienste tussen lande.
- D navorsing en inligtingstegnologie.

2.1.4 'n Voorbeeld van 'n tersiêre aktiwiteit is ...

- A boerdery.
- B vervaardiging.
- C toerisme.
- D navorsing.

2.1.5 Hierdie ekonomiese sektor hou verband met die verwerking van inligting:

- A Primêre
- B Sekondêre
- C Tersiêre
- D Kwaternêre

2.1.6 Bruto binnelandse produk (BBP) is die ...

- A waarde van goedere en dienste wat in een jaar deur permanente en nie-permanente burgers in 'n land geproduseer word.
- B waarde van goedere en dienste wat in een jaar deur die permanente inwoners van 'n land geproduseer word.
- C bydrae van individuele provinsies tot die BBP in een jaar.
- D finansiële staat wat die waarde van 'n land se transaksies in vergelyking met die res van die wêreld toon.



2.1.7 Voorbeelde van toegevoegdewaarde-produkte is:

- (i) Mielies
- (ii) Wyn
- (iii) Vrugte
- (iv) Suiker

- A (i) en (ii)
- B (ii) en (iii)
- C (ii) en (iv)
- D (i) en (iii)

2.1.8 Die TWEE sektore wat die grootste bydraers tot die BBP van Suid-Afrika is:

- (i) Primêre
- (ii) Sekondêre
- (iii) Tersiere
- (iv) Kwaternêre

- A (i) en (ii)
- B (ii) en (iii)
- C (ii) en (iv)
- D (i) en (iii)

(8 x 1) (8)

2.2 Kies 'n term uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommers (2.2.1 tot 2.2.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 2.2.8 I.

KOLOM A		KOLOM B	
2.2.1	Koop en verkoop van goedere en dienste	A	handelsooreenkoms
		B	handel
2.2.2	Die verskil in waarde tussen 'n land se invoere en uitvoere	C	uitvoere
		D	invoere
2.2.3	Kommoditeite of goedere wat van een land in 'n ander land ingebring word	E	handelsbalans
		F	plaaslike handel
2.2.4	'n Ooreenkoms tussen lande met betrekking tot handel	G	buitelandse valuta
		H	internasionale handel
2.2.5	Goedere waarmee binne 'n land handel gedryf word		
2.2.6	Goedere wat tussen lande vervaardig en verhandel word		
2.2.7	Goedere of dienste wat aan 'n ander land verkoop word		

(7 x 1) (7)



2.3 Verwys na die gevallestudie oor beesvleisproduksie in Suid-Afrika.

BEESVLEISPRODUKSIE IN SUID-AFRIKA

Suid-Afrika produseer 85% van sy vleisbehoefte. Daar is plaaslik 'n groot vraag na beesvleis. Die plaaslike vraag na beesvleis oorskry gewoonlik produksie, alhoewel daar onontginde reserwes in gemeenskapsboerderygebiede is.

Beesvleisproduksie in Suid-Afrika word deur sy tweeledige aard van kleinskaalse en grootskaalse boerdery gekenmerk. Aangesien beeste as 'n teken van rykdom in sekere gemeenskappe dien, dra gemeenskapsboerdery nie tot Suid-Afrika se vleisbehoefte by nie.


Beesvleisproduksie is kenmerkend 'n langtermynonderneming en wins word selde op kort termyn gemaak. Die klimaattoestande in sommige dele van Suid-Afrika is ook nie geskik vir beesvleisproduksie nie.

[Aangepas uit <https://www.idc.co.za/wp-content/uploads/2018/11/Beef-Study-Final>]

- 2.3.1 Wat is die persentasie tekort in Suid-Afrika met betrekking tot vleisbehoefte? (1 x 1) (1)
- 2.3.2 Waarom is beesvleisproduksie vir Suid-Afrika belangrik? (1 x 2) (2)
- 2.3.3 Stel TWEE fisiese faktore voor wat 'n negatiewe impak op beesvleisproduksie in Suid-Afrika het. (2 x 2) (4)
- 2.3.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, stel voor hoe kleinskaalse beesboere bygestaan kan word om produksie te verhoog. (4 x 2) (8)




2.4 Verwys na die infografika oor die Gauteng (PWV)-kernnywerheidsgebied.



- 2.4.1 Watter persentasie het die Gauteng (PWV)-kernnywerheidsgebied in 2021 tot Suid-Afrika se BBP bygedra? (1 x 1) (1)
- 2.4.2 Gee TWEE hoofnywerhede wat in die Gauteng (PWV)-kernnywerheidsgebied gevind word. (2 x 1) (2)
- 2.4.3 Gee 'n rede uit die infografika waarom die vervaardigingssubsektor die sekondêre sektor in die Gauteng (PWV)-kernnywerheidsgebied domineer. (1 x 2) (2)
- 2.4.4 Wat is die voordeel van Gauteng se hoë bevolkingkonsentrasie vir die Gauteng (PWV)-kernnywerheidsgebied? (2 x 2) (4)
- 2.4.5 Verduidelik DRIE faktore wat vir die ligging van nywerhede in die Gauteng (PWV)-kernnywerheidsgebied voordelig is. (3 x 2) (6)



2.5 Verwys na die infografika oor die informele sektor.



[Bron: 'Examining car guarding as a livelihood in the informal sector', artikel in Local Economy, September 2017]

- 2.5.1 Waarom word motorwagte as deel van die informele sektor beskou? (1 x 2) (2)
- 2.5.2 Volgens die grafiek, wat is die grootste risiko en uitdaging vir motorwagte? (1 x 1) (1)
- 2.5.3 Waarom hang motorwagte se inkomste af van die aantal ure wat hulle werk? (1 x 2) (2)
- 2.5.4 Gee redes waarom die getal motorwagte in stedelike gebiede oor die laaste paar jaar toegeneem het. (2 x 2) (4)
- 2.5.5 Wat kan deur die plaaslike regering gedoen word om die werkstoestande van Suid-Afrikaners en buitelanders in die informele sektor te verbeter? (3 x 2) (6)

[60]



AFDELING B**VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE****ALGEMENE INLIGTING OOR ALBERTON**

Koördinate: 26°15'S; 28°06'O

Alberton is 'n stad wat in die suidelike deel van die Oosrand van Gauteng in Suid-Afrika geleë is. Alberton is kenmerkend primêr residensieel en die meeste werkers pendel daagliks na nabygeleë voorstede en stede.

As gevolg van sy sentrale ligging het Alberton een van die leidende nywerheidsgebiede geword – met kort reistye na groot sentrums soos Pretoria en Johannesburg. Toegang tot groot hoofverkeersroetes laat vinnige vervoer van beide grondstowwe en verwerkte produkte na hul bestemmings toe.

[Bron: <https://www.3cubeproperty.co.za/area-profiles/alberton/>]

Die volgende Engelse terme en hulle Afrikaanse vertalings word op die topografiese kaart getoon:

ENGLISH

Golf Course
Race Course
River
Sewerage Disposal Works

AFRIKAANS

Gholfbaan
Resiesbaan
Rivier
Riolsuiweringswerke



3.1 KAARTVAARDIGHEDE EN BEREKENINGE

- 3.1.1 Die kaartindeks vir Alberton is 2628AC. **28** verteenwoordig ...
- A 28° suid van die ewenaar.
 B 28' suid van die ewenaar.
 C 28' wes van die Greenwichmeridiaan.
 D 28° oos van die Greenwichmeridiaan. (1 x 1) (1)
- 3.1.2 Die koördinate van trigonometriese baken 602, **F** in blok **C3** op die topografiese kaart, is ...
- A 26°18'45"S; 28°07'55"O.
 B 26°17'49"S; 28°08'55"O.
 C 26°17'15"S; 28°08'55"O.
 D 28°07'52"S; 26°17'55"O. (1 x 1) (1)
- 3.1.3 Bereken die reguitlynafstand, in kilometer, tussen punt **6** in blok **A4** en punt **7** in blok **B4** op die ortofotokaart.
- Formule: **Werklike afstand = Kaartafstand x Kaartskaal** (1 x 2) (2)
- 3.1.4 Bepaal die ware peiling van trigonometriese stasie 602, **F** in blok **C3**, vanaf Kathlehong-spoorwegstasie, **G** in blok **D4** op die topografiese kaart. (1 x 1) (1)
- Verwys na die topografiese kaart en beantwoord die vrae oor magnetiese deklinasie vir 2022.
- 3.1.5 Die verskil in jaar is ...
- A 7.
 B 8.
 C 9.
 D 10. (1 x 1) (1)
- 3.1.6 Die gemiddelde jaarlikse verandering is ... wes van ware noord.
- A 3'
 B 8'
 C 9'
 D 10' (1 x 1) (1)
- 3.1.7 Gebruik die antwoorde op VRAAG 3.1.5 en 3.1.6 om die huidige magnetiese deklinasie te bereken. (3 x 1) (3)



3.2 KAARTINTERPRETASIE

- 3.2.1 Verskynsel **8** in blok **C5** op die ortofotokaart verteenwoordig 'n ...
- A hoofpad.
 - B standhoudende rivier.
 - C sekondêre pad.
 - D resiesbaan. (1 x 1) (1)
- 3.2.2 Straatpatroon (plan) **9** in blok **A2** op die ortofotokaart is ...
- A onreëlmatig (beplan).
 - B ruitvorm.
 - C radiaal.
 - D onreëlmatig (onbeplan). (1 x 1) (1)
- 3.2.3 Gee 'n bewys uit blok **A2** om jou antwoord op VRAAG 3.2.2 te ondersteun. (1 x 2) (2)
- 3.2.4 'n Skool is by **10** in blok **B3** op die ortofotokaart geleë. Hoe veroorsaak die straatpatroon (plan), wat in VRAAG 3.2.2 geïdentifiseer is, 'n probleem vir die ouers wat hulle kinders skool toe vervoer? (1 x 2) (2)

Verwys na die topografiese kaart.

- 3.2.5 Die nywerhede wat in blok **A5** en **B5** geleë is, kan as swaar nywerhede geklassifiseer word.
- Gee TWEE bewyse wat in blok **A5** en **B5** gevind kan word om die stelling hierbo te staaf. (2 x 2) (4)
- 3.2.6 Verduidelik die belangrikheid van die N3 (nasionale snelweg) in blok **A3** en **A4** om toegang tot die nywerheidsgebied by **H** vir groot plaaslike markte te skep. (1 x 2) (2)



3.3 GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSEL (GIS)

Verwys na die beeld van Ring Road West wat in blok **A3** op die ortofotokaart geleë is.



[Bron: <https://www.google.com/maps/@-26.2700631,28.1204164,145m/data=!3m1!1e3>]

- 3.3.1 Word die beeld van Ring Road West as vektor- of rasterdata geklassifiseer? (1 x 1) (1)
- 3.3.2 Gee 'n rede om jou antwoord op VRAAG 3.3.1 te staaf. (1 x 1) (1)
- 3.3.3 Waarom word die getal bane op Ring Road West as attribuutdata beskou? (1 x 2) (2)
- Verwys na blok **A5** en **B5** op die topografiese kaart.
- 3.3.4 Definieer die term *bufferskepping*. (1 x 2) (2)
- 3.3.5 Waarom is bufferskepping noordwes van Union, in blok **C5**, nodig? (1 x 2) (2)
- [30]**

TOTAAL: 150

